



# KAMMANUUS

Nommer 246

3 November 2008

## TOULEIER

### Sandkantland se #@\* sirkels!



Lyk my ek het darem met 'n groot geluk net die stertkant van die hitte hier in Doha gevang! Vandag was dit maar 'n skamele 36 in die skaduwee en die vooruitsigte op reën lyk goed.

Ek wil bietjie die bestuursbelewenis hier met julle deel. Onse mense bestuur mos aan die regte kant van die pad. Hierdie klomp bly aan die verkeerde kant ry, en ek moet net Ielik swenk en vleg om te oorleef!

Die klomp hier glo ook dat sirkels – hier bekend as *roundabouts* – die oplossing is vir verkeersvloei. Verkeerd! Dié van julle wat Welkom, ook bekend as "circle city" ken, sal weet waarvan ek praat. Maal Welkom net met tien.

Kyk, as dit by sirkels kom, is ek hoeka op my senuwees. Kom van die tyd wat ek die eerste keer aan die regterkant moes bestuur, daar in Frankryk. Ons moes uit die noorde suid na die troue beweeg, en ek het baie gevra vir aanwysings om asseblief tog 'n wye draai om Parys te vat.

Wat gebeur toe? Ek bevind ons by die grootste sirkel in die hele Parys, daar naby die Champs-Élysées! Om en om het ons gedonner, al die Franse taxivarke het hulle toeters op my getoets. Gelukkig is daar in sirkels ook so iets soos middelpuntvliedende krag en ek is na 'n goeie spin-siklus daar uit. Daardie petalje was een van die sewe sakke sout wat ek en Kamermaatjie al deurgewerk het. Vandaar my katvoetgeit vir rondomtalies.

Nou ja, terug in Doha. Op jou gat ry en hoeterleun is hier die inding. Hier is dit ook saais wat tel. Die Toyota LandCruiser is die gewildste, en hier ry hulle van Cadillac bakkies tot Hummers. Om nie eens van daai Amerikaanse Chevrolet monsterbakkies te praat nie.

Om die sirkels net nog 'n bietjie meer spesery te gee, kan jy amper nêrens uitdraai nie. Daar is middelmannelikes tussen omtrent al die hoofroetes deur die stad. Dus, as jy jou afdraai mis, is dit tot by die volgende sirkel. Dit beteken ook dat as jy miskien in dieselfde straat net aan die oorkant wil wees, jy dan maklik 'n kilometer of meer moet ry om te kan omdraai en aan daai kant te kom.

Hier klim jy nie net in en ry nie. Dis eers goed beplan watter roete gaan werk. Gelukkig is petrol spotgoedkoop en ek gooi maklik my gehuurde Camry vol vir so rondom R120. Wat 'n plesier! 'n Mens gee dan nie soveel om vir die Kaapse draaie nie.

Hoewel die strate hier wel name het, steur niemand hulle daaraan nie. Als word met behulp van landmerke uitgeken. Ek bly bv. naby die sportsirkel (al die sirkels het temas) en in dieselfde straat as die Filippynse skool, in die woonstel met die groen vensters, net langs die klein moskee. Vertel dit oor die foon vir 'n taxi of 'n tuisbestellingsplek en hulle is binne 15 minute by jou.

Versekering gaan hier nie soseer oor motordiefstal nie, hulle steel nie hier nie. Dit gaan oor bloedgeld. As iemand bloei, dan hoes jy, sommer baie. Soos Richard, 'n mede Saner, my aanraai. As jy iemand wil moker, gebruik 'n oop hand, sorg net dat hy nie bloei nie.

En dan is daar die simpel gewoonte wat ek het om na die verkeerde kant van die motor toe te loop om in te klim. Voel ek darem gereeld gat as ek wil inklim en daar is nie 'n stuurwiel nie. Maak ek dan maar of ek net kom kyk het vir skrape en stap dan maar weer gedwee om die kar.

Iets wat hulle hier reg doen, is die nul verdraagsaamheid teenoor alkohol. Kry hulle enige iets bo nul persent alkohol in jou bloed, is jy more op die vliegtuig huis toe. Maak effe amok met 'n man se sosiale lewe, soos byvoorbeeld die gebruiklike Germaanse bruisdrankie ná die gholf.

Maak mens meer dors hier in die woestyn as wat jy hoef te wees!

**Hennie Greeff**

**Doha (Katar)**



# ROELFIE SLAAT RAAK

## ❑ Hóé DRUIP jy matriek?

**DIS** weer tyd vir matriekexamens in Duskantland, maar Roelfie wonder hoeveel dit deesdae werd is, want dit word al hoe moeiliker om die ding te druipe.

Vanjaar moet hulle 'n minimum van 40% in drie vakke kry (waarvan huistaal een is) en 30% in drie ander vakke. Een vak mag heeltemal gedop word.

Dit klink baie laag, en Roelfie wonder hoeveel werknemers steur hulle nog aan 'n "matrieksertifikaat" wat eintlik net bewys dat jy darem 'n halwe punt bokant ongeletterd is en wel 'n skool bygewoon het.

Kan nogal 'n ding afgee as hierdie standaarde in die regte lewe toegepas word. Soos om iemand sy rybewys te gee.

"Wel, jy weet waar die toeter en die flikkerligstokkie en die hoofligte se skakelaar is, maar jy het geen idee waar die stuurwiel, die rem of die rathefboom is nie. En jy het 3 uit 10 gekry vir padtekens. Veels geluk – jy slaag!"

► **Wat dalk juis die rede is hoekom daar sulke patetiese bestuurders op ons paaie is . . .**

## ❑ Skerpioene se angel getrek

**DAREM** tragies: Volgens die ANC-regering is daar ruimte vir prostitusie, dwelms, shebeens, onbeholpe amptenare en patetiese polisie – maar nie vir die Skerpioene nie.

Die regering gee hoog op vir misdaadbekamping en armoedeverligting, maar dan sluit hy al wat 'n teenmisdaadeenheid is, en gaan die behuisingskontrakte aan comrades wat nie eens troffels besit of waterpaste verstaan nie.

Nou hoor ons Epog Gondwanaland, die klong wat die Voos-Kaap se finansies so verfoes het dat hy afgedank is, word Klewwer Trewwer Handrat se adjunk - soos wat die ou spul maar altyd die grootste misdadigers met ope arms bevorder.

► **En moenie dink die klomp wat nou wegbreek, gaan beter regeer nie. Hulle is net nie daartoe in staat nie.**

## ❑ Stede verswelg in stank

**KLAGTES** oor mense wat op straat nommer een en nommer twee is besig om soos 'n golf oor die land te spoel. Daar is 'n groot gebrek aan openbare geriewe, en waar daar is, stink hulle so ten hemele dat g'n mens dit binne kan waag nie.

Nou kyk, openbare toilette was nooit die ou regering se sterk punt nie, want daar was toe nog wette oor leeglê en steel op straat. Maar Roelfie onthou dat die toilette wat daar was, darem min of meer begaanbaar was.

Die nuwe regering het ook nie openbare geriewe aangelê nie. Dis dalk omdat dit nie deel van die Afrika-kultuur is om higiënies te tjorts nie. Of dalk was hulle – met reg – bevrees dat 'n plakkersgesin sy intrek daar sal neem.

Maar met 'n bevolking van wie 40% werkloos is en na die middestede stroom om daar leeg te lê, te steel en te bedel is daar min makliker geleenthede tot werkskepping as om toilette te bou en beheer oor hulle uit te oefen.

► **Selfs al verg dit die weermag om te help. (Het ons nog een?)**

## ❑ Breinlose houtkewer

**VERLEDE** week is die wêreld (op YouTube) vergas op beeldmateriaal wat toon hoe 'n stoel in 'n regstreekse TV-onderhoud onder 'n ANC-swaargewig breek.

In dieselfde week is met bewyse onthul dat Julius Malema, hoof van die ANC Kindertuin, in matriek 'n F vir geografie, 'n H vir wiskunde en 'n GG vir houtwerk gekry het.

Kan dit wees dat **hy** die stoel gemaak het? Sal hy 'n boom herken as hy in hom vasloop? Klink mos of selfs die SAUK se stoele nie meer die ANC ondersteun nie!

Later in die week het een van Roelfie se spioene Malema in 'n hospitaal in Bobbejaansberg gesien, waar hy glo 'n breinoorplanting ondergaan het.

► **En skielik is hy nie meer 'n bewys dat 'n mens sonder 'n brein kan lewe nie.**



KAMMANUUS SE SPESIALE

# KRISMIS-AANBOD!

'N UNIEKE, 'AFRICANA' DVD



**Hier is die ideale Kersgeskenk vir jouself en/of jou vriende wat 'n passie het vir goeie Afrikaanse Ligte Liedjies!**

**'n DVD wat jy nêrens anders te koop sal kry nie!**

Hierdie sanggroep van Jannie du Toit vertel en illustreer die verhaal van die Afrikaanse liedjie - van die vroegste jare af (Misbank Oor die See) tot by die Johannes Kerkerrel-treffer Hillbrow.

Treffers van mense soos Chris Blignaut, Jan Pohl, Die Briels (ja!), Groep Twee, David Kramer en Anton Goosen word op 'n nuwe, prettige en soms aangrypende wyse aan 'n gehoor voorgedra.


**Dié mini-dokumentêr oor die Afrikaanse liedjie is in 1990 gemaak en op SAUK-TV uitgesaai. Dié DVD is nêrens in die handel beskikbaar nie.**

TYDSDUUR: 51 minute

PRYS: R120 posgeld ingesluit (in Suid-Afrika).

**BESTELLINGS:**

**Meer inligting oor die inhoud en al die nodige instruksies is op [www.onsdorp.com/dvd.html](http://www.onsdorp.com/dvd.html)**



## Wetenskaplikes ontdek 'n nuwe element

**'n Vooraanstaande navorsingsinstituut het die swaarste chemiese element ontdek wat aan die wetenskap bekend is. Die nuwe element heet "Goewermentium."**

**Goewermentium** het 1 neutron, 12 assistentneutrone, 75 adjunkneutrone en 224 assistent-adjunkneutrone. Dit gee aan die element 'n kritiese massa van 312.

Hierdie 312 partikels word bymekaar gehou deur kragte wat morone heet, wat op hul beurt omring is deur groot getalle klewerige partikels wat pionne genoem word.

Aangesien **goewermentium** geen elektrone het nie, is dit baie traag, maar dit kan opgespoor word omdat dit elke reaksie waarmee dit in aanraking kom, in die wiele ry.

'n Baie klein hoeveelheid **goewermentium** neem vier dae om 'n reaksie te voltooi wat gewoonlik net 'n breukdeel van 'n sekonde vereis.

**Goewermentium** het 'n normale halfleeftyd van 1 tot 4 jaar. Dit vergaan nie, maar ondergaan 'n herorganisasie waarin 'n gedeelte van die assistentneutrone en adjunkneutrone plekke ruil. **Goewermentium** se massa neem dus met tydsvloer toe, aangesien herorganisasie sommige morone in neutrone verander om isotope te vorm.

Die karakteristiek van moronpromosie laat sommige wetenskaplikes vermoed dat **goewermentium** gevorm word wanneer morone 'n sekere verdigting ondergaan. Hierdie hipotetiese kwantiteit word die "Kritieke Moeras" genoem.

Daar is ook vasgestel dat die dikmelkkaas wat met hierdie element geassosieer word, oor die kenmerke van verdraaiing, geur en kleur beskik. Twee ander kenmerke is laksheid en hebsug.

# Allegaartjie

## Ai, al die verspeelde jare!



Die egpaar was 85 jaar oud, en 60 jaar lank getroud. Hulle was in goeie gesondheid, danksy die tannie se aandrang op gesonde kos en goeie oefening.

Op een van hul rare vakansies het hul vliegtuig geval, en hulle beland in die hemel, waar Petrus hulle verwelkom.

Hy neem hulle na 'n pragtige huis met goue en silwer gordyne, 'n voltydse huishulp, 'n ten volle toegeruste kombuis en 'n waterval in die badkamer. Gaandeweg kom hulle agter alles wat hulle kan begeer, is in die hemel, en dis gratis.

Daar's ook 'n pragtige gholfbaan, sonder gholffoosie, en met 'n restaurant waar jy enigiets kan eet - van seekos tot biefstuk, eksotiese nageregte, enige drinkding wat jy kan begeer. Gratis!

"En wat van die cholesterol?" vra die oom.

"Dis die beste van alles," sê Petrus. "Jy kan eet en drink soveel jy wil, en jy sal nooit vet of siek word nie. Dis die hemel dié - geen oefening is nodig nie, geen bloedtoetse, niks!"

Die omie gluur sy vrou aan en sê: "Jy en jou blierie slaai en volkoring muffins en gesondheidskos! Ons kon jare terug al hier gewees het!"

## WISKUNDE deur die jare

### \* Wiskunde 1980:

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy produksiekoste is  $\frac{4}{5}$  van die prys. Wat is sy profyt?

### \* Wiskunde 1985:

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is  $\frac{4}{5}$  van die bedrag, of R80. Wat is sy profyt?

### \* Wiskunde 1990:

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is R80. Het hy 'n profyt gemaak?

### \* Wiskunde 2000:

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is R80 en sy profyt is R20. Opdrag: Onderstreep die syfer 20.

### \* Wiskunde 2006:

'n Boer kap 'n boom af sodat hy 'n profyt van R20 kan maak. Voordat hy dit egter kan verkoop, word hy geskiet en sy bakkie gekaap. Die kaper verkoop die hout vir R50 en die boer se bakkie vir R800 en maak dus 'n wins van slegs R850. Opdrag: Verduidelik hoekom dit Apartheid se skuld is.

**Meisie: "Jy sal 'n goeie danser wees, behalwe vir twee dinge."**

**Ou: "Watter twee dinge is dit?"**

**Meisie: "Jou linkervoet en jou regtervoet."**



# Dié week se giggels



## GOEIE BELEGGING

Die man se oumagrootjie bel om haar kleinseun in hierdie dae van duur pryse, inflasie en onsekerheid op die skommelende finansiële markte 'n bietjie geldelike raad bied.

Hy moet sy geld in 'n koevert plaas en onder die matras bêre. Nes oorle Oupa-grootjie.

Dit sal ook op en af beweeg, maar as jy die koevert oopmaak, is al jou geld nog daar.

## GEKORING

Hoe weet jy wanneer jy werklik dronk raak?

Jy begin gesofistikeerd voel, maar kan dit nie spel nie.

## GETROUD

'n Getroude man sterf en gaan hel toe. Hy het eers ná drie weke agtergekom hy is nie meer by die huis nie.

## VIER NUTTIGE WENKE

1. Maak altyd 'n netjiese kring met 'n permanente pen om 'n hardnekkige vlek wat jy wil verwyder, sodat jy ná die was maklik kan sien of die vlek weg is.
2. Moenie 'n duur verkyker koop nie - staan liever nader aan die voorwerp waarna jy wil kyk.
3. Herskep die genot van 'n besoek aan 'n openbare swembad deur die bad vol te tap met koue water, twee bottels Jik daarin te gooi en dan in die water te piepie voordat jy inklim.
4. Vermoed parkeerkaartjies deur jou ruitveërs op hulle vinnigste stelling te laat werk terwyl jy inkopies doen.

## AGT MANIERE OM TE WEET OF JY KOMMIN IS

1. Die Halloween pampoen op jou stoep het meer tande as jou meisie.
2. Jy is al drie keer getroud, maar jou skoonouers bly dieselfde.
3. Jack Daniels is op die lys van mense wat jy graag wil ontmoet.
4. Jy het een volledige stel koppies en op almal staan Wimpy.
5. Die grootste dorp waarin jy al in was, was Boys Town.
6. Jy dink Johnny Walker het die Comrades gewen.
7. Jou bure dink jy is 'n speurder want die polisie bring jou altyd huis toe.
8. Jy dink Dom Perignon is 'n Mafia-baas.

## WET VAN DIE BAD

As jy net lekker in 'n bad vol water inskuif, sal die foon of die deurklokkie lui.

## ANDY CAPP deur Smythe







# Duskantlanders in Anderkantland

## Alle paaie lei na Doebai!

Deur ANITA MATTHEWS

GELUKKIG vir ons hier in die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) gaan dit nie heeltemal so erg soos met ons uitgewer, Hennie Greeff, in Katar nie.

Westerlinge hier loop 'n effe makliker paadjie, en ten opsigte van burokrasie het ons dit baie beter as die ouens in Katar. Synde daar net so bietjie oor die 370 km tussen Doha (Katar) en Doebai is, is die uur lange vlug gerieflik en baie ouens kom vir koopuitstappies hierheen!

En, net om dit spensinjaal te maak, kan Hennie-hulle ook die 377 km padlangs aandurf, deur 'n stukkie van Saoed-Arabië ry en so ook dié deel van die wêreld besigtig!

Wat kan ons nog vertel van Doebai wat nog nie geseg is nie? Dis mos die gewildste plek om te kom draai – of jy direk hierheen kom vir vakansie, werk of besigheid, of al stop jy net vir 96 uur oor op pad enige ander plek toe. Want deesdae lui die spreekwoord: "All roads lead to Dubai!"

Dis vandag 'n ander storie as ses jaar terug toe ek geland het – en dan praat ek nie net van die bevolkingsontploffing wat beteken dat daar meer as dubbel soveel mense tans in die VAE woonagtig is as in 2002 nie – ek praat van die fisiese veranderinge aan die landskap, als in die naam van vooruitgang!

Die meeste mense het teen die tyd al iewers gesien/gelees/gehoor van al die ontwikkelings hier – die hoogste gebou in die wêreld (Burj Dubai), die Palm-eilande (daar's drie Palms – Jebel Ali, Jumeirah & Deira), die Wêreld-eilande en 'n hele swetterjoel ander ontwikkelings regoor die VAE. Die nuwe Sol Kersner hotel, Atlantis, is op die punt van die Jumeirah Palm gebou en het in September oopgemaak – met 'n dolfyn-rehabilitasieentrum en al!



PALM-EILAND, DOEBAI

Aanvanklik was Doebai die enigste Emiraat wat sy fokus toegespits het op ontwikkeling, synde hy van toerisme en besighede afhanklik is vir groei, terwyl die ander ses Emirate almal in 'n mindere of medere mate hul inkomste uit olie maak.

Met die sukses wat gespruit het uit die eerste ontwikkelings hier, gekoppel aan die bevolkingsgroei, is daar deesdae 'n ongelooflike fokus op ontwikkeling dwarsdeur die VAE – nie net in en om Doebai nie.

\* \* \* \*

TYDENS 'n onlangse rit met besoekers deur die land was dit opvallend hoeveel areas in die middel van nêrens in die woestyn vir ontwikkeling uitgelê is – net met teerstrate en ligte. Geen geboue nie, net wagtend op die boufase om te begin!

Wat dit beteken is dat dit voel of die meeste mense in Doebai op 'n bouverseel bly en werk, want jy is net mooi nooit weg van 'n gebouery nie! Geboue spring amper oornag orals op, paaie word vergroot en ongelooflike groot interseksies word ontwerp – en ten spyte daarvan bly die huur ongelooflik hoog en die verkeersknoppe irriterend!

Doebai is 'n tipiese stad – met 'n stad se vermaak – fliëks, restaurante, ensomeer – en omtrent als kos jou geld. Soek jy bietjie iets anders as die gejaag, vat baie mense koers strand of woestyn toe om te gaan kampeer, of selfs net om die aand te gaan braai.

Die ongerepte strande waar 'n mens kon gaan uitspan is nou feitlik ontoeganklik, want die meeste het nou hotelle op. Die stil plekkies waar jy oor 'n naweek kon gaan kuier, is nou vol mense, want almal moet nou op 'n paar plekke saamdrom!

Nie dat dit 'n slegte plek is om te bly nie – glad nie! Jy kan steeds veilig rondry en omtrent al die winkelsentrums se parkering is gratis, kinders kan gemaklik rondbeweeg en daar is baie voordele wat hier binne bereik is van enigiemand wat die kans het om hierheen te kom.



## Ma se gom maak almal toe taai!

Ingestuur deur **DENISE SMITH, Goodwood**

Nou ons was baie arm. Agt kinders. Daai tyd was ek in Graad Vyf en moes ons van daai glasbotteltjies gom met die rooi proppie en rooi kwassie hê vir skool.

My ma het amper flou geval toe ek haar vra vir gom. "Waar dink hulle moet ons die geld vandaan kry?"

Maar natuurlik - Boer maak 'n plan! En ma was nie dom nie. Sy kon tot gom maak. Ruk daar koekmeel uit, gooi suiker by en kook die spul op die stoof.

Ek staan eenkant, baie beïndruk met my slim ma.

Laat dit toe effens afkoel en sit dit in 'n ou NCR Yeast-blikkie wat so bietjie "verbleik" was.

Ek was die enigste kind met 'n Yeast Blikkie op my tafel. Al die ander kinders het die regte botteltjiesgom gehad. Ek het nie baie omgee nie, want my gom was baie beter as hulle sin en het geplak soos Superglue nie kan plak nie!

So drie weke later, terwyl die sonbesies buite bewe van die hitte, sit ons klas in doodse stilte, besig met eksamen.

Goeiste mense! Een moerse ontploffing ruk die hele skool tot aandag. Daar trek my gomblikkie se deksel, en hy agterna tot teenaan die plafon.

Dis net gom wat soos 'n donderstorm op ons neerreën! Alles is wit. En dit stink ongelooflik - suurpoep se moses! Ek't nog nooit iets in my hele lewe geruik wat só gestink het nie.

Die juffrou se bril is vol gom. Haar hare spierwit. Dit drup van haar af asof sy in 'n stortbad staan. Tot in haar *kliewitch* by haar tieties. Ek kon nie glo dat sy soos 'n beeld lyk nie.

Oral waar ek kyk in die klas is almal oortrek met die gom. Almal is wit en gil van die skrik. Ons boeke is gemors. Ons klere is 'n gemors. Ons stink!

Juffrou wip toe haar gat en jaag ons almal uit en sê ons kan maar huis toe gaan. Van die kinders wat bus gery het, se gom het goed droog geword van al die gewag.

Ek was woedend toe ek by die huis kom. My ma het gedink dis 'n moerse grap en het haar geskeur toe sy my sien en ruik.

Die klaskamer moes uitgeverf word om van die suurreuk ontslae te raak, maar ons kon dit nog vir weke daarna dwarsdeur daai PVA-verf ruik.

Ek was glad nie gewild nie. Niemand wou eers meer met my speel nie.

---

## Wenke vir seniors om sukses in die kooi te behaal

1. Dra jou bril. Maak seker jou vrou is werklik in die bed.
2. Stel jou alarm vir drie minute, in geval jy halfpad deur aan die slaap raak.
3. Skep die regte atmosfeer met beligting - sit al die ligte af.
4. Maak seker 911 is op jou spoedskakel voordat jy begin.
5. Skryf jou maat se naam op jou hand neer.
6. Haal jou tande vroegtydig uit, sodat jy hulle nie agterna hoef te soek nie.
7. Hou die Tylenol gereed vir in geval jy dalk die sessie voltooi.
8. Raas soveel jy wil - die bure is ook doof.
9. As jy sukses behaal, bel al jou vriende met die nuus.
10. Moet dit nie eers oorweeg om dit 'n tweede keer te doen nie.

**SPELIAAL IN GROOT SKRIF VIR MAKLIK LEES**



## Brood vir die Blik

### Anna se goue klapperbrood

125ml botter  
3 eiers, geskei  
250ml koekmeelblom  
190ml melk  
250ml klapper

125ml suiker  
5ml vanielje geursel  
10ml bakpoeier  
125ml strooisuiker

Room die botter en suiker tot donsig. Voeg die eiergele en vir een by en klop dit goed na elke byvoeging. Voeg die geursel by. Sif meelblom en bakpoeier saam en voeg beurtelings met melk by die eiermengsel. Giet beslag in gesmeerde broodpannetjie. Klits eierwitte tot sagte punte vorm. Voeg strooisuikerby en klits goed. Vou klapper daarby in. Skep oor die deeg en bak vir 45 minute by 180 °C.

**Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks**

**e-kookboeke.** Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

[www.onsdorp.com/kookpunt.html](http://www.onsdorp.com/kookpunt.html) Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

**Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:**

#### Botha

[bothal@wbs.co.za](mailto:bothal@wbs.co.za)

My pa is van Barkly-Oos distrik, gebore 1/3/1919. Sy name was Theuns Christophel. Sal graag meer wil bekom oor die Botha-stamboek

#### Botha

[ctbotha@npf.co.za](mailto:ctbotha@npf.co.za)

My volledige name is Christoffel Theunis Botha. Gebore Groot Marico, Straatsdrif. My oupa was Christofel Theunis Jacobus en my pa Christof Jacobus.

#### Radloff

[betsydj@mweb.co.za](mailto:betsydj@mweb.co.za)

Gelukkig het ek al die inligting aand vaderskant (die Schuttes) maar benodig alle inligting oor die Radloffs. My Oupa was Fritz Friedrich Wilhelm Radloff, sy suster was Sophia Augusta Radloff. Kontak my asseblief indien iemand inligting het oor dié spesiale mense.

#### Roodt

[jroodt@lantic.net](mailto:jroodt@lantic.net)

Oupa se name was Johannes Petrus en my pa se name was Marthinus Hendrik.

#### Stander

[jj.stander@gmail.com](mailto:jj.stander@gmail.com)

Voorvaders van Heinrich Stander, gebore 1727 in Bremen, Duitsland. Enige informasie sal help.

#### Van der Colff

[mvandercolff@yahoo.com](mailto:mvandercolff@yahoo.com)

Pa Jacobus Fredrik (gebore 1914); ma Margaret Louisa Moore. (1918). Albei reeds oorlede.

#### Viljoen

[lucascviljoen@gmail.com](mailto:lucascviljoen@gmail.com)

Afstammeling van J.L. Viljoen. Moeder Aletta; kinders Johanna Christina, J.L. Viljoen, C.J. du Toit Viljoen, Lucas Cornelis Viljoen. Kontak my asseblief. Webblad [www.cviljoen.co.za](http://www.cviljoen.co.za) of [lucas@cviljoe.co.za](mailto:lucas@cviljoe.co.za)





# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

### ☞ Sjinese afskeid is iets anders!

#### **LIEBLIEBENBERG, Sjina:**

Net as 'n mens dink jy het nou alles beleef van Sjina en sy mense, dan gebeur daar weer iets wat jou laat besef: Die Weste verskil hemelsbreed van die Ooste! Ons akkupunkturedokter, by wie ons gratis behandeling kry, is gekies om Tanzanië toe te gaan vir twee jaar.

Wel, ons is toe almal saam met hom bly oor die gawe geleentheid en ons word toe genooi na sy afskeidsete op Donderdag, die 9de Okt. Mies het sommer van die begin af gesê sy gaan nie en ek is toe alleen vort vir die afskeid.

Ons moes almal om 3-uur by die hospitaal aanmeld by ons blinde fisioterapeut-dokter se die afskeid. Klokslag drie-uur stap ek daar in en kry toe eers 'n fisio-sessie van 'n uur en tien minute. Van die ander dokters wat saamgaan, sit in die drie by vier kubieke meter spreekkamer en almal rook dat die stof so staan, die een glad twee sigarette!.

Hulle het omtrent na 'n uur opgehou om my sigarette aan te bied. Daarvandaan vertrek ons toe met die bus na 'n ander spreekkamer toe waar die dokters privaat praktiseer en weer eens kry ek 'n kop-en-nek massering! Daar is egter nog geen teken van Dr Sunny, wie se afskeid dit is, nie en dit is toe al naby 6-uur.

Niemand praat Engels nie en ek sit daar soos 'n skaap. Later kry elkeen 'n present van die dokter wat weggaan, maar hy is nog steeds nie daar nie.

Op die ou einde het die een dokter sy vrou gebel wat bietjie kan Engels praat en sy sê toe vir my dat dr. Sunny al lankal na Nanjing vertrek het. Ek sê toe maar dit is sy afskeid! Sy sê ja sy weet dit is waarom ons geskenke gekry het en hy waardeer dit baie dat ons die afskeid hou.

Les geleer: Wanneer jy afskeid neem van iemand, hoef daai een nie noodwendig daar te wees nie!

### ☞ Nuwe leser uit KZN

#### **BETSIE, Richardsbaai:**

Kan dit nie glo nie, het ongelukkig net 'n klein rukkie terug van "Onsdorp" uitgevind en is absoluut mal en totaal en geheel versot daarop!

Ek bly in 'n voorstad genaamd Meer en See wat deel vorm van Richardsbaai in Kwazulu Natal, maar Richardsbaai is ook meer bekend as Rietjiesvlei onder die Afrikaners.

Ons het die oorspronklikste straatname, Meer en See se strate is slegs visname. Soos Krewelkring, Leatherback, Mackerel, Loodsvislyn ag sommer baie meer en geen strate of lane na die naam.

Sal gereeld kontak behou en hopelik ook bydra tot "Onsdorp". Mogenlijk ook met Nederlandse insetsels. Nou ik ben wel drietalig, dat is ook prettig niet waar?

### ☞ Kammanuus mis sy nie!

#### **LAURETTE COMBRINCK:**

Ek weet nie of dit iets beteken nie, maar ek het nog al die Kammanuse vanaf 6-4-2007. Ek weet nie wanneer Kammanuus begin het nie maar ek is alreeds deel van die partytjie vanaf Junie 2003.

Julle nuusbriewe is vir my n heerlike stukkie Boere-lekkerte wat ek nie graag mis nie.

Ek sou graag 'n finansiële bydrae wou maak maar ek is maar net n pesionaris wat met my kinders se rekenaars my bietjie lekkerte by julle kom afhaal. 'n Duisend dankies vir al julle moeite en moet net nooit ophou om ons volkie so oor die aarde bymekaar te bring nie.

# AGTEROS

## 'n Blommekruis vir Coco

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

[Dankie, Amanda!]

**"Probeer sy met Coco onnerhannel. Koekies in ruil vir tanne. Ignoreer Coco haar kou-kou. Oorskiet tjoppie vir die gebit. Niks gemaak nie"**

KUIER ons nou onlangs by Koenie-goed in Robertson. Sis daar 'n ribbetjie op die kole wyl ons teug aan goed gefermenteerde druiwekorrels. Sommige van ons misbruik korrels wat deur die ketel gelouter is. Neuk dit op met Zero. Kultuurloos.

So kom vrinne van Koenie-goed ook daar aan. Wil Koenie nog die mense voorstel. Vra hy ewe, "Het julle mekaar al ontmoet?" Baie ordentlik. Koenie.

Wys ek die ontmoeting amper vannie hand. Ken ek mos al genoeg mense, waarom nog staan en neuk om meer te loop staan en ken?

Vat die ou vroujie nie eintlik ietsie nie. Reken sy haar wederhelf vat sommer vir haar part ook!

So verbruik ons die BreedeRivier se kontreiprodukte. Heel gesellig. Uit die samesyn verskyn vertellings. Amper soos daai fliiek. *Gorillas uit die Mis!*

Vertel sy van daai slag wat hulle hond, Coco, manlief se valstanne ingekry het.

So, vertel sy, kom sy op Coco af waar die hond rustig lê. Kou-kou Coco aan iets wat kraak soos bene, maar op voorkoms niks met bene gemeen het nie. Lê daar goedjies rond wat amper lyk soos springmielies wat nog nie gespring het nie.

Kry sy opslag hond se gedagte. Lyk Coco se maal alteveel na die liefde in haar lewe se mensgemaakte kou-instrument.

Probeer sy met Coco onnerhannel. Koekies in ruil vir tanne. Ignoreer Coco haar kou-kou. Oorskiet tjoppie vir die gebit. Niks gemaak nie. Kou Coco met smaak voort. Vreet die hond die plestiek ivoor met *gums* en al op.

Loop staan en oorval 'n ontydige hongerte die man in haar lewe. Is dit sy beurt om te kou. Instrument egter op soek.

Kom sy te staan voor iets wat baie erger as die gloede van oorgangsjare is. Aan die een kant die gewig van die troubelofte. Moet sy vir wederhelf inlig? Aan die ander kant, die stertwaai-span. Moet sy nou dieselfde lojaliteit aan die mens se beste vriend betuig as wat Coco vir seker sou gedoen het as dit sy was wat die valstanne loop staan en opvreet het?

Kry sy daai gevoel wat mens op skool loop staan en kry het as jy toets moet skryf en jy weet jy hettie 'n boek oopgemaak nie. Benoud soos 'n tandmuis wat in 'n *army boot* loop staan en val het. Magteloos. Amper soos 'n by met 'n stomp angel as hulle die heuningkoeke kom stroop.

Weet sy om nou te loop staan en vertel lattie tanne in Dogmore veranner het, is so goed as om op 'n pofadder se stert te loop staan en trap.

Besluit sy om eerder vir tyd te speel. Help kastig die ou se tanne soek. Soek hulle orals. Saam-saam soek hulle. Werkie twee saam soos 'n spanriem en melkemmer. Sy met verwagtinglose blymoedigheid.

Oppie rakke, in en onner die kaste, onner die bakkie se sitplek, grawe hy selfs innie asdrom. Orals, behalwe in Coco, soek hulle. Herrangskik amper elke stukkie meubliment in die huis, maar niks tanne nie.

Weet sy daai tanne gaan net so min te voorskyn kom soos 'n slang innie winter.

En Coco soek saam.

Werk haar kop oortyd. Amper meer oortyd as 'n leerlingstoker in die ou dae oppie stoomtrein tussen Worcester en Klaasvoogds.

Willie man sonner gebit later opstuk gaan vir 'n skandering. Net vir ingeval hy dalk die tanne ingesluk het in sy slaap. Kos dit walgooi. Sou hy mos lankal agter

gekom het iemand is besig om hom in die gat te hap! Kry sy hom uit sy plan uit gekalmeer.

Oorleg sy in die dae wat voorlê oortyd met die versekering. Raak die sinjale vir haar groen. Werk sy nou net aan die tydsberekening.

So is hulle twee die volgende week Worcester toe. Gaan *shopping* doen. Loop hulle daar in die *mall* rond. Manlief met die hand voor die mond. Soos die laaste een van daai drie apies. Die *speak no evil* enetjie.

Is Coco nie saam nie.

Besluit sy dis veilig om die nuus te breek. Weet sy manlief kan nie so ver skop nie en teen die tyd wat Coco hulle terug verwelkom, sal sy se skop plus láánkal oor wees.

Doodbyt sal hy ook nie kan doen nie, want dit sit nie in sy *gums* om so wreedaardig te wees nie!



VEERTIEN dae en 'n klein bybetaling later, kannie ou weer kou. Versekering het gesorg vir nuwe stel ivoor.

Besluit sy dis nou veilig om die nuus te breek. Weet sy manlief kan nie meer so so ver en vinnig skop nie. Spoed en skop plus deur die ghout geblus.

Doodbyt sal hy ook nie kan doen nie. Nie met daai nuwe valstanne wat nog so knypboudes oor die gums sit nie!

"En Coco?" Wou ek weet.

"Nee", vertel sy, "Coco is dood"

"Tandelike met die ewige gewissel", grinnik manlief haar in die rede.

"Skielik dood", gaan sy onverstoord voort; net die stemtoon verander tot so dertig grade duskant vriespunt wyl sy vir ou Groot Kwinkslag in die oë waterpas. "Eintlik toevallig snaaks. Daai oggend net ná die biegtary, was Coco nog hondfris toe ek winkels toe is . . ."

"Loop plant vir ons 'n blommekruis," probeer ek ontfont. "Daar waar hy sooibrandloos lê en rus. Honne wat stories loop en uitkou, verdien respekte."

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 17 NOVEMBER**